

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

ds. PJ Kriel Openbaringsreeks 02 Doop Daniël Verster 28.01.2018

Inhoud Hierdie preek wys dat met Christus se wederkoms Hy self alle mense wat klaar veroordeel is, sal inbring vir die uitdienen van hul vonnis: om ewig godsverlate te wees. Christus se veroordeling vir sondaars onder Pontius Pilatus was die hofsaak van God teen sondaars gewees. Daarom sal almal wat ingesluit is in Christus se veroordeling in hulle plek, nooit veroordeel word nie. Hulle wat nie in Christus ingesluit is nie, is daarom klaar veroordeel. Christus het die mag om almal wat klaar veroordeel is, met sy wederkoms byeen te bring vir die uitdien van God se vonnis oor hulle. Die doop is 'n teken dat ons gewas is in die bloed van Christus, nooit veroordeel sal word nie en dat ons name in die boek van die lewe geskryf is. Die doop kan nie 'n teken wees dat jou dade opgeteken word in die groot boeke van die voltrekking van die oordeel nie of dat daar vir jou nog 'n hofsaak tussen jou en God wag nie.

Liturgie 1. Lied 199 verse 1 en 2; Evangelielesing Rom.8: 31 -39 2. Lied 585 verse 2 en 3 Wetslesing Rom. 13: 8 – 14 Ps. 119 verse 7 en 8 Doop Lied 288 verse 1 – 3 4. Lied 586 verse 1 – 3.

Skriflesing Joh. 3: 16 -18; Joh. 5: 26-28; 1 Joh. 4: 16 – 19. Open. 20: 11- 15.

Teks 1 Joh. 4:17: “Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde, net soos Jesus.”

Tema Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie.

1. God gaan werklik hierdie huidige aardse bedeling waarin ons leef afsluit met die voltrekking van God se oordeel oor elke mens wat van die begin van die skepping af geleef en gesterf het. Dit is die openbaring van die mag van Jesus Christus oor hierdie wêreld wat in Hoofstuk 20 verse 11 tot 15 aangekondig word.

Die regter in hierdie voltrekking van die oordeel is Jesus Christus self. Hy is die Een wat op die groot wit troon die regter is in die voltrekking van die oordeel van hierdie bedeling van die skepping. Die Leeu uit die stam van Juda en die Lam wat geslag is, is die regter in die voltrekking van sy oordeel oor elkeen.

Christus het hierdie mag wat Hy as Here en God het, self aangekondig soos die apostel Johannes dit in Johannes 5: 27: “Hy het Hom die volmag gegee om te oordeel omdat Hy die Seun van die mens is.”

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

Daar is 'n groot verskil tussen die hofsaak waarin jy aangekla, ondersoek en veroordeel word, en die inhegtenisname vir die uitdien van die tronkstraf. Die een gaan oor die hofsitting waar in die vonnis gevel word, die ander oor die gevange neem en opname in die tronk om die vonnis uit te dien. Die oordeelsdag van Joh. 20 is nie die hofsaak van God oor sonde nie. Dit is die inhegtenisname en opname in die tronk van God van hulle wat klaar gevonniss is om die tronkstraf uit te dien. Die oordeelsdag van Openbaring 20 wat nog kom, is nie weer 'n hofsitting van God oor sondaars nie. Die oordeelsdag wat kom, is die inbring van hulle wat klaar veroordeel is om hulle tronkstraf uit te dien.

God gaan werklik hierdie huidige aardse bedeling waarin ons leef afsluit met die voltrekking van God se oordeel oor elke mens wat van die begin van die skepping af geleef en gesterf het. Dit is die openbaring van die mag van Jesus Christus oor hierdie wêreld wat in hoofstuk 20 verse 11 tot 15 aangekondig word. Die regter in hierdie voltrekking van die tronkstraf is Jesus Christus self. Hy is die Een wat op die groot wit troon die inhegtenisname vir die tronkstraf inwerking stel. Dit doen die Here Jesus Christus deur elke mens weer uit die dood op te wek om mens te wees. Hy het die mag om hulle wat veroordeel is, gevange te laat neem en in God se tronk op te neem om hul vonnis uit te dien.

2. Die dood en doderyk is nie of die tronk of 'n manier om die tronkstraf te ontsnap nie. Om as mens dood te gaan, is nie die voltrekking van die Here se oordeel nie en is ook nie 'n manier om die voltrekking van die oordeel te ontkom nie.

Christus is die Seun van die mens wat die volmag het om te oordeel. Om te kan oordeel moet 'n mens die mag hê om die oordeel te voltrek oor die mense wat veroordeel is. Dit is net soos met vandag se howe. Indien jy nie die mag het om die oordeel van die hof uit te voer nie, help al die dae lange hofsittings en ook die skuldigbevinding net mooi niks nie. Behalwe vir die hofsitting self moet daar ook die mag wees om die vonnisoplegging uit te voer.

Daar moet 'n tronk wees waarin die vonnis uitgedien kan word. Anders is 'n hof sommer net 'n sirkus.

Verse 13 van hoofstuk 20 wys die mag wat Christus het om die vonnis van die oordeel oor elke mens te voltrek. Hy laat deur die krag van sy godheid elke mens uit die dood uit opstaan. Hierdie opstanding uit die dood is nie sommer die saamroep van geeste nie. Dit is iets heeltemal anders. Dit word só beskryf: “Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het.”

Die woord “doderyk” in hierdie vertaling beteken in Grieks die hel. Deur sy mag as Here en God gaan Christus elke mens wat van die begin van die skepping af geleef

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

het uit die dood laat opstaan: Hy gaan hulle weer liggaamlik mense laat wees. Daarom bely ons die “wederopstanding van die vlees”, as die magsdaad waardeur Christus alle mense weer mens laat wees vir die voltrekking van die oordeel.

Hy het die mag om die oordeel te voltrek want Hy laat elkeen weer as mens leef om die oordeel uit te dien.

3. Die eerste verrassing in dit wat die Bybel vir ons openbaar as die oordeelsdag, is dat dit net die voltrekking is van 'n oordeel wat klaar gefel is.

U kan maar weer gerus kyk na die kort en bondige beskrywing van die oordeelsdag in Openbaring 20. Hierdie is net die voltrekking van die oordeel. Die hofstukke is klaar opgestel: die boeke en die ander boek. Die volledige dade en name is klaar ingeskryf en verreken. Dit is die boeke van die hofsaak wat afgehandel is. Want die hofsaak waarin die vonnis gevel is, is klaar verby voor hierdie dag aanbreek.

Dit is presies hoe dit aangekondig word in Johannes 3: 17 en 18: “God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in die Seun glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.”

Die onderskeid tussen om nie veroordeel te word nie en reeds veroordeel te wees, vind nie met die wederkoms van die Here plaas nie. Dit het klaar plaasgevind. Wie nie in Jesus Christus glo nie, is klaar veroordeel. Dit beteken die hofsaak het klaar gedien, die ondersoek en verhoor is afgehandel, en die uitspraak is klaar gegee. Dieselfde geld vir hulle wat glo: daar is geen aanklagte meer nie en ook nie meer 'n komende hofsaak met God nie.

4. Waar het hierdie hofsaak plaasgevind waar klaar vasgestel is wie word nie veroordeel nie en wie is klaar veroordeel?

Dit word in Joh. 5: 27 openbaar in die woorde van die Here oor Homself: “Hy het Hom die volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.” Wat doen die Here met die volmag om te oordeel? Hy word in hulle plek die veroordeelde voor Pontius Pilatus. Dit hele fokus van die boek Johannes is die verhoor van die Here voor Pontius Pilatus. Met die volmag wat Hy het om te oordeel, word Hy hierdie veroordeelde in sondaars se plek. Hier is die volle hofsaak tussen God en sondaars afgehandel. Jesus is gearresteer gewees, aangekla gewees, moes Homself verdedig en is onskuldig verklaar en toe veroordeel. Hierdie is die hofsaak waarin God se oordeel oor sondaars afgehandel word.

Alle sondaars se hofsaak word in Christus se veroordeling afgehandel. Die finale oordeel is hier klaar gevel: wie ingesluit is en glo in sy veroordeling in hulle plek,

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

word nooit veroordeel nie, wie nie ingesluit is en glo in Christus se veroordeling nie, is klaar veroordeel.

Die hofspraak tussen God en alle mense is met die veroordeling van Christus afgehandel en die oordeel is klaar gelever: wie ingesluit is in Christus word nie veroordeel nie en wie nie ingesluit is nie is klaar veroordeel.

5. Nou wat is hierdie gebeurtenis wat in Openbaring 20 plaasvind?

Die boeke wat hier oopgemaak word, is nie 'n hofsitting wat weer gehou word of die oorhou van die hofsitting nie. Dit is net die oopmaak van die afgehandelde hofrekords vir die voltrekking van die oordeel wat voor Pontius Pilatus gevel was. Dit is die inwerkingstelling van die hofoordeel deur die tronkstraf te laat begin.

Die oordeelsdag is die dag wanneer die oordeel wat klaar gevel is in die veroordeling van Christus, uitgevoer word met die opname in God se tronk. Dit is wat met die wederkoms van die Here sal gebeur. Hy sal die oordeel wat Hy gebring het deur self die veroordeelde te word, met die uitdienting van die vonnis wat Hy bewerk het voltrek. Hy sal hulle wat klaar veroordeel is in die vuurpoel van godverlatenheid gooi en saam met hulle wat nie veroordeel word nie, as Here vir ewig lewe.

Hierdie mag van Christus om sy oordeel wie nie veroordeel word en wie klaar veroordeel is, te voltrek, wys in die dubbele boekhoustelsel van sy dag. Die Here het met sy veroordeling in sondaars se plek 'n 'n dubbele boekhoustelsel oopgemaak!

Daar is twee soorte boekhouding vir die voltrekking van Christus se oordeel: die grootboekstelsel en die kleinboekstelsel. Die grootboekstelsel word genoem die "boeke" en die kleinboekstelsel word genoem "die ander boek".

6. Wat is die verskil tussen hierdie twee soorte boekhouding?

Dit word baie duidelik sonder enige kans vir enige misverstand in hierdie gedeelte self verduidelik. Die grootboekstelsel is die stelsel waarin alles wat mense gedoen neergeskryf is. Ons mag nooit die fout maak om te dink dit is net die sondes wat in hierdie boeke geskryf word nie. In hierdie boeke skryf die Here alles wat mense gedoen het, alles wat hulle goed gedoen het en alles wat hulle sleg gedoen het.

In hierdie boeke word geskryf hoe jy God probeer dien het, hoe jy tot bekering probeer kom het, hoe jy jammer was oor jou sonde, hoe jy jou sondes probeer regmaak het deur daarvoor te probeer vergoed, hoe jy jou sondes bely het, saam met al die sondes wat jy gedoen het.

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

En daarmee saam word ook al jou sondes wat jy gedoen het, neegeskryf. Alles wat jy gedoen het, is in die grootboekstelsel.

Wat word in die kleinboekstelsel geskryf?

Net name! Geen dae nie! Nie slegte dae nie en ook nie goeie dae nie. Dit is die verskil tussen hierdie twee boekhoustelsels. In die een word alle goeie en slegte dae neegeskryf. In die nader word geen dae, nie goed nie en ook nie sleg nie, net name geskryf.

7. Waarvoor is hierdie boekhoustelsel nodig?

Die grootste fout wat ons maak is dat ons dit sien as die versameling van bewysstukke om klagtes op te stel vir die hofsaak van God teen mense. Dit kan net nooit waar wees nie, want die hofsaak van God met mense is verby. Christus het die mag gekry om die hofsaak te voer en dit het Hy gedoen deur self die aangeklaagde en veroordeelde te wees voor Pontius Pilatus.

Dit boekhoustelsel gaan oor die regverdigheid van die vonnisuitdienting, die tronkstraf! Dit gaan oor die regverdigheid daarvan om party mense in godverlatenheid toe te sluit en vir ander altyd God met hulle te wees vir ewig. Die beskrywing van die troon van Christus as regter as "wit" wil wys op die heiligheid, die regverdigheid en integriteit van die dubbele boekhoustelsel!

Dit is regverdig om mense volgens hulle dae te veroordeel en hulle die oordeel vir hulle dae te laat uitdien, want hulle het hulle op hulle dae beroep. Dit is regverdig dat hulle vir wie Hy veroordeel was, en hulle in geloof daarop beroep, nooit te veroordeel nie.

Dit is mos regverdig!

Wie glo dat God hulle volgens hulle dae moet oordeel, word volgens hulle dae geoordeel, maar alle dae, nie net sommige nie. Wie glo dat hulle dae hulle sal veroordeel en in Christus glo om vir hulle die veroordeelde te wees, vir hulle is Hy die veroordeelde in hulle plek.

Daarom is net hulle name in die boek van die lewe nodig maar vir hulle wat hulle op hulle dae beroep is die grootboekstelsel daar te wys hulle is klaar volgens hulle dae veroordeel.

8. Daarom kan die apostel Johannes dan hierdie wonderlike verklaring oor die lewe van Christene maak:

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

“Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld leef ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, want vrees verwag straf, en wie nog vrees het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.”

God se eerste liefde vir ons, is dat Christus voor Pontius Pilatus vir ons die veroordeelde geword het vir al ons sondes. Die hofsaak tussen ons en God is daar verby. Daarom wag daar geen hofsaak tussen ons en God nie. Ons word nie veroordeel nie en hulle wat nie in Christus glo nie, is klaar veroordeel. Daarom leef ons nie met enige vrees dat God iewers weer teen ons gaan draai en weer ons aanklaer gaan word nie.

Meer nog, met die wederkoms is ons name in die ander boek. Daardie een wat net die naam in is en geen daad nie. Daarom vrees ons ook nie die dag waarop die Here die vonnis vir die hele wêreld gaan voltrek met die ewige tronkstraf van godverlatenheid nie. Dit is vir ons die dag waarop die ewige lewe vir ons bevestig word.

Omdat ons name in die boek van die lewe is, sonder enige daad, goed of sleg, vrees ons nie die dag waarop die vonnis voltrek word nie. Die dag waarop ons vonnis gevel was, was die dag waarop Christus vir ons die veroordeelde in ons plek geword het.

Daarom leef ons nie in vrees vir 'n komende oordeel of vonnisuitdeining nie. Ons leef in liefde met Hom wat in ons plek die veroordeelde vir ons was.

9. Ons doop vanoggend vir Daniël Verster.

Die doop met water is 'n teken dat Daniël deur die Here skoongewas is van sy sonde. Dit is net 'n teken dat hy deur die Here gewas is. Dit is nie die skoonwas self nie. Die manier waarop die Here vir Daniël gewas het, word in die boek Openbaring twee keer soos volg beskryf: “Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam” 7:14 en “Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam.” Open 12:11.

Ons word gewas in die bloed van die Lam. Dit maak ons skoon van ons sondes. Daarom doop ons met water om te wys dat ons skoon is van ons sonde. Dit is wat ons met Daniël doen, ons gee vir hom 'n teken wat wys dat hy kan glo dat Christus sy sonde met sy bloed weggewas het.

10. Doop ons volgens die grootboekstelsel of volgens die kleinboekstelsel?

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

Waarvan is die doop van Daniël 'n teken, dat sy Naam in die boek van die lewe is of dat sy daad in die groot boek opgeskryf gaan word?

Die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees verseël dat Daniël gewas is in die bloed van die Lam. Wanneer jy in die bloed van die Lam gewas is, word net jou naam in die boek van die lewe geskryf.

Gewas in die bloed van die Lam beteken dat die hofsitting oor al Daniël se sondes afgehandel is in die veroordeling van Jesus Christus onder Pontius Pilatus. Vir Daniël beteken dit dat daar nooit in sy hele lewe wat voor hom lê vir homself 'n dag van afrekening tussen hom en God kan wees nie. Alles wat ons in die evangelielesing vanoggend uit Rom. 8 verse 31 – 39 oor die lyding van Christus gehoor het, sal in Daniël se lewe vir hom waar bly. God sal nooit teen hom draai vir 'n dag van afrekening nie, maar altyd God vir hom wees; God sal nooit eendag begin om Daniël aan te kla nie, maar is vir altyd die Here wat Hom regverdig maak van sy sonde; God sal nooit Daniël nooit vir enige sonde veroordeel nie, want daardie oordeel is met Christus se lyding onder Pontius Pilatus verby.

Daarom is die oordeelsdag ook nie vir Daniël 'n dag van gevangening om die vonnis van sy sonde te gaan uitdien nie. Hierdie water wys hy is gewas in die bloed van die Lam en sy naam is in die boek van die lewe geskryf. Net sy naam, geen goeie of slegte daad wat hy in sy lewe gaan doen nie.

Die doop is altyd 'n teken van die kleinboekstel van die Here: net name!

Vir Daniël beteken dit dat hy as kind kan groot word in die lewenswyse wat die Here vir ons oopgebreek het, deur in ons plek vir ons eenkeer die veroordeelde te word: “Hierin het die liefde van God vir Daniël sy doel volkome bereik: hy het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe hy reeds deur die liefde, net soos Jesus.”

'n Kind wat sonder vrees vir enige oordeel en straf in God se liefde kan grootword!

11. Daar is vandag wêreldwyd 'n diep woede by geestelikes teen dit wat ons vanoggend hier met Daniël doen, om hom die teken te gee dat hy gewas is in die bloed van die Lam! 'n Woede wat alles wat ons hier doen minag en veroordeel!

Want volgens hulle geestelikheid is hierdie doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, die teken dat jy tot bekering gekom het!

Dit is die doop wat wys dat jy het jou sondes bely, jy het jou sondes gelos, jy is jammer oor jou sondes, jy het beloop om nie weer sonde te doen nie, jy het God in jou lewe ingenooi, jy het jou hart vir die Here gegee, jy het jou lewe vir God gegee, jy

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

het tot 'n algehele oorgawe aan God gekom, jy is met die krag en lewe van God vervul, ...

Watter boekhoustelsel is hierdie? Die grootboekstelsel of die kleinboekstelsel? Hierdie is mos alles wat ons doen! En die boekhoustelsel waarin alles wat ons doen in opgeteken word, is die groot boeke, die grootboekstelsel!

Kan u sien wat doen hierdie geestelikes? Hulle maak God se teken van sy kleinboekstelsel, die doop, die teken van God se grootboekstelsel!

12. Hoekom verdraai hulle God die doop se betekenis van die kleinboekstelsel na die grootboekstelsel?

Want in hulle geestelikheid het hulle in hulle eie perverse gemoed God se boekhouers geword!

Hulle is volgens hulle eiemagtigheid die mense wat die inskrywings en die uitvee werk in die grootboek doen, hulle is die geestelikes wat jou help om jou boeke by God te laat klop!

Volgens hulle sal hulle elke keer jou sondes in die boek uitvee of uitgevee kry as jy iets goeds doen soos om tot bekering te kom of God in jou lewe in te nooi. Hulle sal Daniël in hulle mag vasgryp om hom die hele tyd te konfronteer oor hoe hy sy boeke moet laat klop, sy grootboeke. Hulle sal hom raad gee soos Paulus wys al hierdie geestelikes grootboekraadgewers wil wees in Rom. 2: 19 – 20 “Jy is oortuig daarvan dat jy 'n gids vir blindes is, 'n lig vir die wat in duisternis is, 'n leermeester vir die wat onkundig is, 'n onderwyser vir die wat niks weet nie, omdat die wet vir jou die samevatting van kennis en waarheid is.”

Die werklike mag wat hulle gryp deur die doop teken van die grootboekstelsel te maak, is om 'n nuwe hofdag tussen Daniël en God in te stel. Hulle glo nie dat die groot hofsaak tussen God en mense verby is met Christus se veroordeling voor Pontius Pilatus nie. Hulle glo dat Daniël met Jesus se wederkoms in 'n hofsaak voor God moet verskyn.

'n Hofsaak waarin hulle Daniël sal verseker dat deur sy goeie daade, hy sy Naam in die boek van die lewe gekry het, deur sy bekering en sy oorgawe aan God! Hulle sal hom bedrieg asof daar nog 'n hofsaak is waarin goeie daade in die boek van die lewe opgeskryf is!

13. In die NG Kerk is hierdie leuen deur predikante en gemeentes vervolmaak.

Hulle vertel ouers dat die doop 'n teken is dat hulle hul kinders gelowig moet grootmaak! Watter stelsel is hierdie? Ouers se daade met hul kinders? Daarom is die

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

doop van kinders in hulle verwarde gemoed die teken dat hulle en hul kinders se name in die grootboekstelsel van God is. Vir hulle werk dit dan so dat wanneer hierdie kinders dan tot bekering kom, dan word hulle name in die kleinboekstelsel geskryf, en dan is daar selfopgemaakte waterrituele van die NG Kerk wat wys jou naam is in die boek van die lewe. Die doop self is egter volgens hulle 'n teken dat jou naam in die grootboekstelsel is.

En daarom gaan hierdie ouers en kinders nog in God se hofsitting moet verskyn om die boeke te laat klop met die koms van Christus. Alles die leuens van God se selfaangestelde boekhouers!

Net Christus in die boekhouer! Hy laat sy boeke werk, nie geestelikes boekhouers van God nie. Die hofsak oor sonde is verby met sy veroordeling. Daar is geen uitstaande hofverrigtinge nie. Wie ingesluit is in Christus se oordeel, word nie geoordeel nie. Wie nie in Christus ingesluit is nie, is klaar veroordeel. Wie nie ingesluit is nie gaan met Christus se wederkoms na sy tronk toe, ewige godverlatenheid.

As ons nie vanoggend vir Daniël kan doop met die teken dat hy gewas is in die bloed van die Lam nie, dat sy naam in die boek van die lewe opgeteken is nie, dan is hy klaar veroordeel. Want almal wie se goeie bekerings, liefdes en oorgawes saam met al hul sondes in die groot boeke geskryf word, is klaar veroordeel.

Kom ons doop Daniël met die teken waarmee hy sonder vrees in God se liefde kan groot word: "ek is gewas in die bloed van die Lam en my naam is in die boek van die lewe!"

Kom ons doop Daniël in die Naam Van die Vader en die Seun en die Heilige Gees volgens God se kleinboekstelsel!

Die oordeel vir ons sonde is oor Christus gevel. Daarom is daar geen vonnis wat ons met die oordeelsdag moet uitdien nie

Skrifuitleg notas

- Die Een wat op de troon sit: Open.4:3,9,10; 5: 1,7.
- Die finale bekendmaking van die oordeel. Die veroordeling het reeds plaasgevind in die veroordeling van Christus. Joh. 5:22,27.
- Wit kleur is Goddelike heiligheid, integriteit en regverdigheid.
- Boekrol, Daniël 7:10, 12:1.
- Alles wat hulle gedoen het, goed en sleg, is in die groot boeke.
- Vuur as teken van algehele Godverlatenheid.
- Verskyn as mens wat uit die dood uit opgestaan het.
- Boek van lewe: Filipense 4:3; Open. 3:5, 13:8, 17:8. Luk. 10:20.
- Dood is nie die finale oordeel oor die mens nie. Laaste vyand: Jes. 25:8; 1 Kor. 15: 26, 54-55.
- Christus se veroordeling is die oordeel oor sonde. Dit is hoe sonde veroordeel word. Wie nie ingesluit is in sy veroordeling nie, is reeds veroordeel. Joh. 3:17,18; 5:24, 29; 12: 48.
- Gewas in die bloed van die Lam is hulle wat deel in die veroordeling van Christus: Open.7:14, 12:11.
- Leef in 'n liefde waar daar geen oordeel is nie: verskyn nie in hofsitting nie, is geen verhoor van dade nie. 1 Joh. 4: 15 – 19.